**Die Here seën die volk drie keer (deur Bileam)**

**Num 23:1-24:14**

**12 September 2021**

1. Num 23-24: Sewe uitsprake van Bileam, hierdie preek fokus op die eerste drie uitsprake
2. Eerste uitspraak van Bileam (Num 22:41-23:12)
    a. Berg Bamot-Baäl, kon net deel van die volk sien
    b. Sewe altare, sewe bulle en sewe ramme geoffer
    c. Inhoud van uitspraak:
        i. Die volk is afgesonder
        ii. Die volk is so baie soos die stof
        iii. Die volk is die opregtes
3. Tweede uitspraak van Bileam (Num 23:13-26)
    a. Berg Pisga, kon net deel van die volk sien
    b. Sewe altare, sewe bulle en sewe ramme geoffer
    c. Inhoud van uitspraak:
        i. God is nie 'n mens nie, verander nie van gedagte nie
        ii. Die volk is deur die Here geseën
        iii. Die Here is by hulle – Hy is hulle krag, geen toordery sal effektief wees nie
4. Derde uitspraak van Bileam (Num 23:27-24:14)
    a. Berg Peor
    b. Sewe altare, sewe bulle en sewe ramme geoffer
    c. Geen toordery
    d. Kon die hele volk, volgens hulle stamme, in die kamp sien – kon sien hoe akkuraat sy eerste twee uitsprake was
    e. Die Gees van die Here maak sy oë oop
    f. Inhoud van uitspraak:
        i. Aanloklike beskrywing van die wonings van die volk – die beloofde land
        ii. "Geseën is hulle wat jou seën, vervloek is hulle wat jou vervloek"
5. Besinning oor die uitsprake
    a. Drie uitsprake stem ooreen met die drie beloftes in die Abrahamverbond (Gen 12:1-3, 15:5, 17:4)
    b. Abrahamverbond is ewige verbond (Gen 17:7) – Here verander nie van gedagte nie
    c. "Geseën is hulle wat jou seën, vervloek is hulle wat jou vervloek" (Gen 12:3)
    d. Met derde visioen sien Bileam uitbeelding van stand van Abrahamverbond
    e. Balak moet verstaan sy begeerte om volk te vervloek, impliseer hy gaan vervloek word
6. Toepassing
    a. Sedert Gen 3 handel die Here volgens Sy genadeverbond
        i. Genadeverbond sluit Ou Verbond en Nuwe Verbond in
        ii. Abrahamverbond is deel van Ou en Nuwe Verbond – dus 'n ewige verbond, en vandag steeds geldig (vgl (Gal 3, Rom 4, Rom 9)
        iii. Baie vordering oor 3 000 jaar sedert Bileam en Balak
        iv. Steeds geldig op die nuwe aarde onder die nuwe hemel (Op 21:3)
    b. Abrahamverbond bemoedig die ware nageslag van Abraham
        i. Bevorder jy die vervulling van die Abrahambeloftes? Dan is jy geseën
        ii. Belemmer jy die vervulling van die Abrahambeloftes? Dan is jy vervloek